Week 6 Lewensvaardigheid – Graad

Ons gaan bietjie liggaamsopvoeding doen. Mamma of pappa kan demonstreer as hulle wil

*hardloop handeviervoet
*bons, vang en gooi balle/boontjiesakkie
*beweeg sywaarts na links/regs

Kreatiewe speletjies en vaardigheid:
*oefen om jou skoene vas te maak; knope vas te maak of jou baadjie se rits op en af te trek
* Luistervaardighede: reageer op seine, leidrade bv. hardloop en vries (gaan staan stil) wanneer mamma of pappa sê "Vries"! Wanneer hulle sê "op", spring jy op en af; wanneer hulle sê "af", val jy op grond.

Visuele geletterdheid:
*vertel vir mamma/pappa/ouma/oupa wat jy als sien rondom jou, bv. wanneer julle buite by die braaivuur sit – "ek sien 5 bome; agter die verste boom staan 'n bakkie; die bakkie se kleur is blou. Ouers, julle moet hulle maar bietjie lei hier. In die klas sit ek 'n groot kleurvolle plakkaat op en dan moet hulle vir my sê wat hul sien. Vra vrae oor die prent wat hulle moet beantwoord. Vra ook hoekom en waarom vrae. Bv. waarom dink jy dra die mense warm klere? Dit is inleidend vir hulle wanneer hula an die begin van Graad I slegs 'n storieboek kry wat net prente het en hulle moet self 'n storie rondom dit bou en oorvertel. So bietjie om die kreatiewe denke aan die gang te kry.